

Vrydag 20

SKRIFGEDEELTE: NEHEMIA 4
FOKUSGEDEELTE: NEHEMIA 4:3**Tobia – Herstel en bevorder, of afbreek en bespot**

Nehemia gaan op toestemming van die koning van Persië terug na Jerusalem met die doel om die Godstad te herbou. Dit was vir hom as toegewyde Jood 'n belangrike saak, omdat Jerusalem die tempel, die simbool van God se besondere teenwoordigheid onder sy verbondsvolk, bevat het. Hy het geweet watter belangrike plek Juda en Jerusalem in die verbondsbeloftes van God ten opsigte van Jesus Christus se koms gehad het. God bevestig immers met Dawid die verbond en beloof dat die ewige Koning uit sy nageslag, uit Juda gebore sou word.

Almal wat teruggekeer na Jerusalem was nie so opgewonde oor die herstelling nie. Tobia byvoorbeeld, het daarvoor ontsteld geraak. Tobia (die Here is goed) het as Leviet na Jerusalem teruggekeer, maar omdat hy geen bewys van sy herkoms kon lewer nie, kon hy nie aan die volle tempeldiens deelneem nie. Hy het Nehemia en sy volgelingen gespot en gedreig omdat hulle die muur van die verbondstad wou herbou.

Of sy optrede 'n wraakgierige reaksie op sy toelating tot die tempeldiens was, weet ons nie. Wat ons wel weet, is dat die man 'n werktuig van Satan was – presies die teenoorgestelde as wat sy naam beteken. Satan wou altyd die kerk besoedel om sodoende die koms van Christus te probeer verhoed, want hy sou oorwin word.

Dit lyk of die mense soos Tobia egter vandag nog onder die kinders van God bestaan. Mense wat van binne af deur leuens en opstoking die diens van die Here, soos Hy dit in sy Woord beveel, wil vernietig. Hulle behoort aan die kerk, maar tog wil hulle afbreek maak aan die Koninkryk eerder as om dit uit bou.

Wat wil ek doen? Wil ek die diens van God herstel, of dit bespot? Mag u God gehoorsaam na sy Woord dien. Mag u sy diens suiwer waar dit besoedel word. Mag u vir ons Koning se tweede koms gereed wees.

*Sing: Psalm 150:1, 2**Ds. HFR (Riekert) Pelser (Vaalharts)*